basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## REKENINGKUNDE V2

## NOVEMBER 2024

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye, 'n formuleblad en 'n 12 bladsy-antwoordeboek.**

Kopiereg voorbehou

**HOU HIERDIE BLADSY OOP.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.

2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.

3. 'n Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.

4. Toon ALLE bewerkings om deelpunte te verdien.

5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

7. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | MINUTE |
|---|---|---|---|
| **1** | Debiteureversoening, Ouderdomsanalise en BTW | 40 | 35 |
| **2** | Voorraadwaardasie | 35 | 25 |
| **3** | Begrotings | 40 | 35 |
| **4** | Kosterekeningkunde | 35 | 25 |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

**VRAAG 1: DEBITEUREVERSOENING, OUDERDOMSANALISE EN BTW**
**(40 punte; 35 minute)**

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.1.1 EFO-betalings deur debiteure moet in die KOJ aangeteken word, slegs nadat 'n bewys van betaling ontvang is of daar 'n inskrywing in die besigheid se bankstaat verskyn.

1.1.2 Uitset-BTW word as 'n bate beskou.

1.1.3 BTW op oninbare skulde sal die BTW betaalbaar aan SAID verminder.

(3 x 1) (3)

1.2 **MATSAMO HANDELAARS**

Die inligting het betrekking op Matsamo Handelaars vir Augustus 2024. Die besigheid verkoop goedere vir kontant en op krediet.

**GEVRA:**

1.2.1 Bereken die korrekte saldo van die Debiteurekontrolerekening op 31 Augustus 2024. Toon syfers en 'n plus(+)- of minus(–)-teken vir elke verandering. Geen verandering aan die saldo word met (0) aangedui. (5)

1.2.2 Voltooi die korrekte Debiteurelys op 31 Augustus 2024. Die voor-aansuiweringsbedrae is reeds ingevul. (14)

**INLIGTING:**

**A. Saldo's op 31 Augustus 2024 voordat die foute en weglatings hieronder in berekening gebring is:**

(i) Debiteurekontrolerekeningsaldo in die Algemene Grootboek, R359 100.

(ii) **Lys van debiteuresaldo's volgens die Debiteuregrootboek:**

| Debiteure | Bedrag (R) |
|---|---|
| N Naidoo | 63 000 |
| S Sibiya | 69 000 |
| V Esterhuizen | 114 000 |
| J Nyoka | 95 700 |
| W du Plessis | 11 500 |
| **Totaal** | 353 200 |

**B. Foute en weglatings:**

(i) Geen inskrywing is vir die kredietverkopefaktuur, uitgereik aan N Naidoo, gemaak nie, R4 500.

(ii) Goedere op krediet aan S Sibiya verkoop, R18 000, is foutiewelik na V Esterhuizen se rekening oorgeboek.

(iii) Die debiteure-afslagkolom in die DAJ is met R11 000 onderbereken.

(iv) 'n EFO-betaling, R5 700, is deur W du Plessis gemaak. Dit is korrek in die relevante joernaal ingeskryf, maar as R7 500 na sy rekening in die Debiteuregrootboek oorgeboek.

(v) Kredietverkope aan V Esterhuizen, R5 200, is foutiewelik in die Debiteurejoernaal as R2 500 geboekstaaf en as sulks na die Debiteurekontrolerekening en Esterhuizen se rekening in die Debiteuregrootboek oorgeboek.

(vi) Goedere deur J Nyoka teruggestuur, R3 450, is na die verkeerde kant van sy rekening in die Debiteuregrootboek oorgeboek.

1.3 **DEBITEURE-OUDERDOMSONTLEDING**

Die inligting het betrekking op Timo Handelaars. Hulle kredietvoorwaardes is 60 dae en na verwagting sal ten minste 90% van die debiteure aan hierdie voorwaardes voldoen.

**GEVRA:**

1.3.1 Verskaf 'n berekening of syfers wat aandui waarom Timo Handelaars nie met die syfers in die Debiteure-ouderdomsontleding tevrede moet wees nie. (4)

1.3.2 Verduidelik TWEE stukkies raad wat jy die eienaar sal gee. (4)

**LET WEL:**
- Maksimum korting word aan debiteure verleen wat betyds hulle rekeninge vereffen.
- Rente word teen die aanvaarbare koers gehef.

**INLIGTING:**

**Debiteure-ouderdomsontleding op 31 Augustus 2024:**

| Totaal | Huidige maand | 30 dae | 60 dae | 90 dae | 90 + |
|---|---|---|---|---|---|
| R240 000 | R118 000 | R36 000 | R38 000 | R29 200 | R18 800 |

1.4 **BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE**

Die volgende inligting het betrekking op die finansiële rekords van Zaba Winkels vir die BTW-periode geëindig 31 Augustus 2024. 15% BTW is van toepassing. Sekere items is nulkoersitems.

**GEVRA:**

Ontleed die transaksies onder die opskrifte in die ANTWOORDEBOEK gegee. Toon die effek van ELKE antwoord op die bedrag aan SAID betaalbaar. Verwys na die voltooide voorbeeld in die ANTWOORDEBOEK. (10)

**INLIGTING:**

**Voorbeeld:** Die eienaar het voorraad vir eie gebruik geneem, kosprys R5 200 (BTW uitgesluit).

**A.** Ontvang korting van R17 250 wanneer die verskaffer se rekening ten volle betaal is.

**B.** Goedere ter waarde van R139 200 (BTW uitgesluit), nulkoersitems van R9 200 ingesluit, is op krediet verkoop.

**C.** Koop voorraad op krediet by die verskaffer. Die totaal van die faktuur wat ontvang is, is R23 000 (BTW ingesluit). Handelskorting van 10% is foutiewelik op die faktuur weggelaat.

**40**

## VRAAG 2: VOORRAADWAARDASIE (35 punte; 25 minute)

### 2.1 SUNGLASS CITY

Nosisa is die eienaar van Sunglass City, wat een tipe gewilde handelsmerk sonbrille verkoop. Die finansiële jaar het op 29 Februarie 2024 geëindig.

| | |
|---|---|
| **LET WEL:** | Waar kommentaar of verduidelikings vereis word, moet jy:<br>• Bewerkings, syfers en/of tendense aanhaal<br>• Vir ELKE geval 'n verduideliking of 'n rede verskaf |

**GEVRA:**

2.1.1 Bereken die geweegde gemiddelde kosprys van EEN sonbril. (5)

2.1.2 Nosisa vermoed dat 'n aantal sonbrille gedurende die jaar gesteel is.

- Bereken die getal sonbrille wat gesteel is. (4)
- Bereken die randwaarde van die gesteelde sonbrille deur die geweegdegemiddelde-voorraadwaardasiemetode te gebruik. (2)

2.1.3 Bereken die waarde van die eindvoorraad deur die eerste-in-eerste-uit (EIEU)-metode te gebruik. (5)

2.1.4 'n Fluitjieblaser het Nosisa ingelig dat Micha (verkoopsassistent) en Jack (verskaffer se bestuurder) saamgespan het om sonbrille teen 'n verlaagde prys te verkoop. Gedurende 'n ondersoek is vasgestel dat die sonbrille wat verkoop is, aan die besigheid gefaktureer is. Nosisa het bevestig dat die sonbrille vermis is.

- Verduidelik hoe Nosisa kon bewys het dat Jack en Micha skuldig is aan die diefstal van die voorraad. Verskaf EEN punt. (2)
- Watter aksie moes teen Micha en Jack geneem word? Verskaf EEN punt vir elke persoon. (4)

**INLIGTING**

**A. Voorraadrekords: (een 'eenheid' verwys na een sonbril)**

| | EENHEDE | TOTAAL (R) |
|---|---|---|
| Beginvoorraad (1 Maart 2023) | 620 | 1 719 000 |
| Slotvoorraad (29 Februarie 2024) | 840 | ? |

**B. Aankope en terugsendings gedurende die finansiële jaar:**

| | EENHEDE | EENHEIDSPRYS (R) | TOTAAL (R) |
|---|---|---|---|
| Mei 2023 | 855 | 3 200 | 2 736 000 |
| Augustus 2023 | 800 | 3 750 | 3 000 000 |
| November 2023 | 745 | 4 200 | 3 129 000 |
| Desember 2023 | **(20)** | **4 200** | **(84 000)** |
| **TOTALE** | **2 380** | | **8 781 000** |

**C. Verkope:**

2 050 sonbrille, teen R5 600 per sonbril, is gedurende die jaar verkoop.

2.2 **PROBLEEMOPLOSSING**

Die inligting het betrekking op Slim-Line Boutique, eienaar Mike Ndlela, vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024. Die besigheid het deur die jaar broeke en informele hemde verkoop en formele hemde eers vanaf 1 November 2023 bygevoeg en verkoop.

**GEVRA:**

2.2.1 **Broeke:**

- Bereken die winsopslagpersentasie wat vir broeke behaal is. (3)
- Lewer kommentaar op of die winsopslagpersentasie die besigheid sal bevoordeel of nie. (2)

2.2.2 **Informele hemde:**

Lewer kommentaar op hoe die terugsending van 120 informele hemde die besigheid negatief kan beïnvloed. Verskaf EEN punt. (2)

2.2.3 **Formele hemde:**

- Bereken hoe lank (in dae) dit Mike sal neem om die eindvoorraad van die formele hemde te verkoop. (4)
- Lewer kommentaar op EEN ander punt oor die formele hemde wat Mike kan bekommer. (2)

**INLIGTING:**

| | **Broeke (eenhede)** | **Hemde (eenhede)** | |
|---|---|---|---|
| | | **Informeel** | **Formeel** |
| Beginvoorraad in eenhede | 140 | 200 | 0 |
| Aankope gedurende die jaar | 720 | 1 300 | 980 |
| Eindvoorraad | 285 | 100 | 125 |
| Terugsendings | 15 | 120 | 0 |
| Totale eenhede verkoop: | 560 | 1 280 | 855 |
| In-die-winkel | 344 | 560 | 855 |
| Aanlyn | 216 | 720 | 0 |
| | | | |
| Voorraadhoudingsperiode | 186 dae | 29 dae | **?** |
| Winsopslagpersentasie per item | **?** | 55% | 25% |
| Kosprys per item | R500 | R400 | R680 |
| Koste van verkope | R280 000 | R512 000 | R581 400 |
| Verkoopprys per item | R920 | R620 | R850 |
| Totale kontantverkope in die bank gedeponeer | R515 200 | R793 600 | R726 750 |

**35**

## VRAAG 3: BEGROTING (40 punte; 35 minute)

3.1 Toon die bedrae van die transaksies hieronder in die toepaslike kolomme vir die Kontantbegroting en Geprojekteerde Staat van Omvattende Inkomste vir Desember 2024 in die ANTWOORDEBOEK.

**Voorbeeld:** Maandelikse versekeringspremie vir Desember 2024, R5 000, sal betaal word.

3.1.1 Verwagte kontantverkope vir Desember 2024, R132 000. Koste van verkope, R101 000.

3.1.2 Onttrekkings deur die eienaar begroot vir Desember 2024, R40 000. Dit sluit R34 000 kontant in en die res is vir handelsware.

3.1.3 'n Vaste deposito van R245 000 sal op 31 Desember 2024 verval. 'n Direkte deposito van R264 600 (rente ingesluit) sal op hierdie datum in die besigheid se lopende bankrekening gemaak word. Rente is nie gekapitaliseer nie. (6)

3.2 **JESARY SUPERSPARES**

Die inligting het betrekking op die begrotingsperiode wat op 31 Desember 2024 eindig. Bluey Summers is die eienaar van die besigheid.

**GEVRA:**

3.2.1 **Krediteure-betalings:**

- Bereken die kredietaankope vir November 2024. (4)
- Voltooi die Krediteure-betalingskedule vir Desember 2024. (5)

3.2.2 **Bereken die volgende bedrae:**

(i) Huuruitgawe vir Desember 2024 (2)

(ii) Rente op lening vir Desember 2024 (4)

(iii) Deposito wat op 30 November 2024 betaal moet word vir die nuwe rekenaars wat geïnstalleer is (3)

(iv) Versekering vir Desember 2024 (3)

(v) Salarisse vir November 2024 (3)

3.2.3 **Verkoopsbeleid: Verwys na Inligting I.**

Bluey het vanaf Oktober 2024 veranderinge aan die verkoopsbeleid gemaak.

- Verduidelik die verandering wat Bluey aan die verkoopsbeleid gemaak het toe hy sy begroting vir Oktober 2024 opgestel het. Verskaf EEN punt met syfers. (2)
- Die werklike kredietverkope was hoër as die begrote kredietverkope vir Oktober 2024. Verduidelik waarom Bluey nie bekommerd hoef te wees nie. Verskaf TWEE punte met syfers. (4)
- Lewer kommentaar op die beheer oor afleweringsuitgawes en verpakkingsmateriaal vir Oktober 2024. Haal syfers aan. (4)

**INLIGTING:**

**A. Verkope en debiteure-invordering:**

- 60% van totale verkope is kontantverkope.

**B. Voorraadaankope en betalings aan krediteure:**

- Goedere word verkoop teen 'n winsopslag van 25% op kosprys.
- Handelsvoorraad voorhande word deur maandelikse aankope gehandhaaf.
- Die besigheid koop handelsware slegs op krediet.
- Krediteure word soos volg betaal:
  - 75% in die maand na datum van aankope om vir 3%-korting te kwalifiseer.
  - Die uitstaande saldo word in die maand daarna betaal.

**C. Huuruitgawes:**

- Die besigheid huur 'n sakeperseel in 'n winkelsentrum.
- Huur sal gedurende Desember 2024 met 6% verhoog word.

**D. Lening:**

- 'n Gedeelte van die lening by Diamond Bank sal op 1 Desember 2024 betaal word.
- Rente teen 14% p.j. word aan die einde van elke maand betaal. Rente word nie gekapitaliseer nie.

**E. Kantoorrekenaars:**

- Nuwe rekenaars sal geïnstalleer word en sal vanaf 30 November 2024 gebruik word.
- 20%-kontantdeposito moet op 30 November 2024 betaal word.
- Die saldo sal vanaf 31 Desember 2024 in 36 gelyke maandelikse paaiemente betaal word.

**F. Versekering:**

- Die huidige maandelikse versekeringspremie op die bestaande rekenaars is R4 500. Hierdie maandelikse premie sal vanaf 1 Desember 2024 met 28% verhoog word om addisionele versekeringsdekking vir die nuwe rekenaars te kry.
- Die hernuwingsperiode vir versekering van ander items sal eers volgende jaar in werking tree.

**G. Salarisse:**

- Die besigheid het 9 werknemers wat almal dieselfde maandelikse salaris verdien.
- 5 van die werknemers sal gedurende Desember 2024 'n bonus van 70% van hul normale maandelikse salaris ontvang.

**H. Uittreksel uit die Kontantbegroting vir die periode geëindig 31 Desember 2024.**

| | **Nov. 2024** | **Des. 2024** |
|---|---|---|
| **ONTVANGSTE** | **(R)** | **(R)** |
| Kontantverkope | 103 200 | 112 200 |
| Invordering van debiteure | | |
| **BETALINGS** | | |
| Betalings aan krediteure | 207 012 | ? |
| Huuruitgawe | 29 000 | **(i)** |
| Salarisse | **(v)** | 143 750 |
| Onttrekkings | 50 000 | 50 000 |
| Leningterugbetaling | | 60 000 |
| Rente op lening (14% p.j.) | 3 500 | **(ii)** |
| Deposito en paaiemente vir nuwe rekenaars | **(iii)** | 9 800 |
| Versekering | 17 500 | **(iv)** |

**I. Syfers vir September 2024 (begroot) en Oktober 2024 (begroot en werklik):**

| | **SEPTEMBER 2024** | **OKTOBER 2024** | |
|---|---|---|---|
| | **BEGROOT** | **BEGROOT** | **WERKLIK** |
| Getal kliënte | 520 | 540 | 729 |
| Verkope | R145 000 | R160 000 | R221 000 |
| Kontantverkope | 58 000 | 96 000 | 76 000 |
| Kredietverkope | 87 000 | 64 000 | 145 000 |
| Bruto wins | 54 375 | 60 000 | 82 875 |
| Afleweringsuitgawes | 21 750 | 24 000 | 33 150 |
| Verpakkingsmateriaal | 13 050 | 14 400 | 26 520 |

**40**

**HOU HIERDIE BLADSY OOP.**

**VRAAG 4: KOSTEREKENINGKUNDE (35 punte; 25 minute)**

4.1 **BLOMPOT-VERVAARDIGERS**

Die besigheid vervaardig groot betonblompotte. Hulle finansiële jaar het op 29 Februarie 2024 geëindig.

**GEVRA:**

4.1.1 **Verwys na Inligting A.**
Bereken die direkte/grondstof-materiaalkoste. (4)

4.1.2 **Verwys na Inligting B.**
Bereken die direkte arbeidskoste. (7)

4.1.3 **Verwys na Inligting C.**
Voltooi die Fabrieksbokostenota. (8)

**INLIGTING:**

**A. Direkte/Grondstof-materiaalkoste:**

Die besigheid gebruik 'n hoë gehalte betonmengsel om die potte te maak.

**Vervaardigingsvereistes:**

- 4 800 eenhede is gedurende die finansiële jaar vervaardig en verkoop.
- Elke voltooide pot gebruik 1,4 pakke direkte materiaal (betonmengsel).
- Die besigheid voorsien 10% van direkte materiaal (betonmengsel) vir vermorsing.
- Die kosprys van die betonmengsel, R125 per pak, is vir die finansiële jaar gehandhaaf.

**B. Direkte arbeidskoste:**

- Direkte arbeid begroot vir die jaar het R1 117 200 beloop.
- Die besigheid het 7 direkte werkers. Daar word van elke werker verwag om 1 680 uur per jaar te werk en almal word dieselfde uurlikse tarief betaal.

**Die volgende items is nog nie geboekstaaf nie:**

- Een werker het op 31 Oktober 2023 bedank. Hierdie werker het nie oortyd gewerk nie.
- Drie van die direkte werkers is versoek om gedurende die jaar 60 uur elk oortyd te werk. Oortydtarief is 1,6 keer die normale uurlikse tarief.

**C. Uittreksel van vooraansuiweringsbedrae op 29 Februarie 2024:**

Die boekhouer het die fabrieksbokoste as R1 132 700 bereken.

**Ander vooraansuiweringsbedrae op 29 Februarie 2024:**

| | R |
|---|---|
| Kantoorsalarisse | 247 800 |
| Advertensies | 27 450 |
| Huur van verkoopsdepartement-eiendom | 25 200 |
| Oninbare skulde | 18 700 |

**Aansuiwerings vir fabrieksbokoste:**

- Die klerk se salaris van R9 200 per maand is betaal en as 'n administrasiekoste geboekstaaf. 20% moet aan die kantoor toegeken word en die res aan vervaardiging.

- Huur van R126 000 is deur die boekhouer volgens die volgende vloeroppervlaktes verdeel en geboekstaaf:

| TOTAAL | FABRIEK | KANTOOR | VERKOPE |
|---|---|---|---|
| 600 $m^2$ | 400 $m^2$ | 80 $m^2$ | 120 $m^2$ |

- Die jaarlikse huur het egter van die begin van die finansiële jaar tot R157 500 verhoog, omdat die fabriek se grootte vermeerder het. Die boekhouer het nie die verhoogde huur, R157 500, en die veranderde vloeroppervlaktes in ag geneem nie:

| TOTAAL | FABRIEK | KANTOOR | VERKOPE |
|---|---|---|---|
| 800 $m^2$ | 600 $m^2$ | 80 $m^2$ | 120 $m^2$ |

4.2 **TIMEPIECE VERVAARDIGERS**

Die besigheid vervaardig horlosies. Jabu Tallies is die eienaar van die besigheid. Die finansiële jaar het op 31 Augustus 2024 geëindig.

| **LET WEL:** | Waar kommentaar of verduidelikings vereis word, moet jy:<br>• Bewerkings, syfers en/of tendense aanhaal<br>• 'n Verduideliking of 'n rede vir elke geval gee |
|---|---|

**GEVRA:**

4.2.1 Lewer kommentaar op die produksievlak en gelykbreekpunt op 31 Augustus 2024. (4)

4.2.2 Lewer kommentaar op die bruto wins verdien deur die besigheid en die prys wat vir die horlosies gevra is. Verduidelik, na jou mening, of Jabu se klante die 2024-prys as redelik beskou het. Verskaf syfers. (4)

4.2.3 Identifiseer die TWEE belangrikste koste wat 'n positiewe uitwerking op die verkoopprys kon gehad het. Verskaf in elke geval 'n strategie wat Jabu kon implementeer het. (4)

4.2.4 Jabu wil gedurende die volgende finansiële jaar sy wins met R300 000 verhoog, terwyl die koste behou word. Bereken die prys wat hy klante moet vra om 400 ekstra eenhede te kan vervaardig. (4)

**INLIGTING:**

| | **31 Augustus 2024<br>R** | **31 Augustus 2023<br>R** |
|---|---|---|
| Totale verkope | 3 712 800 | 2 880 900 |
| Bruto wins | 1 237 600 | 960 300 |
| Totale veranderlike koste | 2 748 200 | 2 217 420 |
| Totale vaste koste | 1 820 000 | 1 820 000 |
| | | |
| | **Koste per eenheid<br>R** | **Koste per eenheid<br>R** |
| **Veranderlike koste per eenheid** | **755** | **762** |
| Direkte materiaalkoste | 450 | 520 |
| Direkte arbeidskoste | 185 | 132 |
| Verkoops-en-verspreidingskoste | 120 | 110 |
| | | |
| | **Eenhede** | **Eenhede** |
| Getal eenhede vervaardig en verkoop | 3 640 | 2 910 |
| Gelykbreekpunt | 6 868 | 7 983 |
| | | |
| Verkoopprys per eenheid | R1 020 | R990 |

**35**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

| GRAAD 12 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS | |
|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| Totale bates **:** Totale laste | Bedryfsbates **:** Bedryfslaste |
| (Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste | Niebedryfslaste **:** Aandeelhouersbelang |
| (Handel & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) : Bedryfslaste | |
| $\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien Nota 1 hieronder) | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$ |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien Nota 2 hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (Sien Nota 3 hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$ | |

**LET WEL:**

1. Handelsvoorraad aan die einde van 'n finansiële jaar kan gebruik word as dit in 'n vraag vereis word.
2. Kredietaankope kan gebruik word in plaas van koste van verkope (syfers sal dieselfde wees mits voorraad konstant bly).
3. Indien daar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele gedurende 'n finansiële jaar is, word die geweegdegemiddelde getal aandele in die praktyk gebruik.

Kopiereg voorbehou

PLAKKER

**SENTRUMNOMMER**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# REKENINGKUNDE V2

# GRAAD 12

# NOVEMBER 2024

## *SPESIALE ANTWOORDEBOEK*

| VRAAG | PUNTE | PARAAF | MOD. |
|---|---|---|---|
| 1 | | | |
| 2 | | | |
| 3 | | | |
| 4 | | | |
| TOTAAL | | | |

**Hierdie antwoordeboek bestaan uit 12 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 1

**1.1**

| | |
|---|---|
| **1.1.1** | |
| **1.1.2** | |
| **1.1.3** | |

**3**

**1.2.1** **Bereken die korrekte saldo van die Debiteurekontrolerekening op 31 Augustus 2024.**

| | |
|---|---|
| **Saldo voor foute en weglatings** | **R359 100** |
| **(i)** | |
| **(ii)** | |
| **(iii)** | |
| **(iv)** | |
| **(v)** | |
| **(vi)** | |
| **Korrekte saldo van Debiteurekontrolerekening** | |

**5**

**1.2.2** **Voltooi die korrekte Debiteurelys op 31 Augustus 2024.**

| | | |
|---|---|---|
| **N Naidoo** | **63 000** | |
| **S Sibiya** | **69 000** | |
| **V Esterhuizen** | **114 000** | |
| **J Nyoka** | **95 700** | |
| **W du Plessis** | **11 500** | |
| **Korrekte totaal van Debiteurelys** | | |

**14**

**1.3.1** **Verskaf 'n berekening of syfers wat aandui waarom Timo Handelaars nie met die syfers in die Debiteure-ouderdomsontleding tevrede moet wees nie.**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| | |

| |
|---|
| |
| 4 |

**1.3.2** **Verduidelik TWEE stukkies raad wat jy die eienaar sal gee.**

| |
|---|
| |
| 4 |

**1.4** **Ontleed die transaksies onder die opskrifte hieronder. Toon die effek van ELKE antwoord op die bedrag aan SAID betaalbaar.**

| NR. | BEWERKINGS | BTW-BEDRAG | EFFEK OP BTW AAN SAID BETAALBAAR (TOENAME/AFNAME) |
|---|---|---|---|
| Bv. | 5 200 x 15/100 | R780 | Toename |
| A. | | | |
| B. | | | |
| C. | | | |

| |
|---|
| |
| 10 |

| TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| 40 |

**VRAAG 2**

**Bereken:**

**2.1.1**

| **Die geweegde gemiddelde kosprys van EEN sonbril** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| **5** |

**2.1.2**

| **Die getal sonbrille wat gesteel is** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| **4** |

| **Die randwaarde van die gesteelde sonbrille deur die geweegde-gemiddelde-voorraadwaardasiemetode te gebruik** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| **2** |

**2.1.3**

| **Die waarde van die eindvoorraad deur die eerste-in-eerste-uit(EIEU)-metode te gebruik** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| **5** |

**2.1.4** **Verduidelik hoe Nosisa kon bewys het dat Jack en Micha skuldig is aan die diefstal van die voorraad. Verskaf EEN punt.**

**2**

| **Watter aksie moes teen Micha en Jack geneem word? Verskaf EEN punt vir elke persoon.** | |
|---|---|
| **Micha (verkoopsassistent)** | **Jack (verskaffer se bestuurder)** |
| | |

**4**

**2.2.1** **BROEKE**

| **Bereken die winsopslagpersentasie wat vir broeke behaal is.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

**3**

**Lewer kommentaar op of die winsopslagpersentasie die besigheid sal bevoordeel of nie.**

**2**

**2.2.2 INFORMELE HEMDE**

| **Lewer kommentaar op hoe die terugsending van 120 informele hemde die besigheid negatief kan beïnvloed. Verskaf EEN punt.** |
|---|
| |

| |
|---|
| |
| **2** |

**2.2.3 FORMELE HEMDE**

| **Bereken hoe lank (in dae) dit Mike sal neem om die eindvoorraad van die formele hemde te verkoop.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| **4** |

| **Lewer kommentaar op EEN ander punt oor die formele hemde wat Mike kan bekommer.** |
|---|
| |

| |
|---|
| |
| **2** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **35** |

## VRAAG 3

**3.1**

| | KONTANTBEGROTING | | GEPROJEKTEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE | |
|---|---|---|---|---|
| | **ONTVANGSTE** | **BETALING** | **INKOMSTE** | **UITGAWE** |
| **Bv.** | | **5 000** | | **5 000** |
| **3.1.1** | | | | |
| **3.1.2** | | | | |
| **3.1.3** | | | | |

**6**

**3.2 JESARY SUPERSPARES**

**3.2.1**

| Bereken die kredietaankope vir November 2024. | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

**4**

**KREDITEURE-BETALINGSKEDULE VIR DESEMBER 2024**

| MAAND | KREDIET-AANKOPE | NOVEMBER | DESEMBER |
|---|---|---|---|
| **September** | **147 200** | **36 800** | |
| **Oktober** | **132 800** | **96 612** | |
| **November** | | | |
| | | **133 412** | |

**5**

**Bereken:**

**3.2.2**

| **(i)** | **Huuruitgawe vir Desember 2024** |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

2

| **(ii)** | **Rente op lening vir Desember 2024** |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

4

| **(iii)** | **Deposito wat op 30 November 2024 betaal moet word vir die nuwe rekenaars wat geïnstalleer is** |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

3

| **(iv)** | **Versekering vir Desember 2024** |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

3

| **(v)** | **Salarisse vir November 2024** |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

3

**3.2.3** **Verduidelik die verandering wat Bluey aan die verkoopsbeleid gemaak het toe hy sy begroting vir Oktober 2024 opgestel het. Verskaf EEN punt met syfers.**

| |
|---|
| **2** |

**Die werklike kredietverkope was hoër as die begrote kredietverkope vir Oktober 2024. Verduidelik waarom Bluey nie bekommerd hoef te wees nie. Verskaf TWEE punte met syfers.**

| |
|---|
| **4** |

**Lewer kommentaar op die beheer oor afleweringsuitgawes en verpakkingsmateriaal vir Oktober 2024. Haal syfers aan.**

| | |
|---|---|
| **Aflewerings-uitgawes** | |
| **Verpakkings-materiaal** | |

| |
|---|
| **4** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **40** |

## VRAAG 4

### 4.1 BLOMPOT-VERVAARDIGERS

4.1.1

| **Bereken die direkte/grondstof-materiaalkoste.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| **4** |

4.1.2

| **Bereken die direkte arbeidskoste.** | |
|---|---|
| **Direkte arbeidskoste begroot vir die jaar** | **1 117 200** |
| **Werker wat bedank het** | |
| **Oortyd** | |
| | |

| |
|---|
| |
| **7** |

4.1.3

| **Voltooi die Fabrieksbokostenota.** | |
|---|---|
| **Foutiewe fabrieksbokoste** | **1 132 700** |
| | |
| | |
| | |

| |
|---|
| |
| **8** |

## 4.2 TIMEPIECE VERVAARDIGERS

4.2.1

| **Lewer kommentaar op die produksievlak en gelykbreekpunt op 31 Augustus 2024.** |
|---|
| |

| |
|---|
| |
| 4 |

4.2.2

| **Lewer kommentaar op die bruto wins verdien deur die besigheid en die prys wat vir die horlosies gevra is. Verduidelik, na jou mening, of Jabu se klante die 2024-prys as redelik beskou het. Verskaf syfers.** |
|---|
| |

| |
|---|
| |
| 4 |

4.2.3

**Identifiseer die TWEE belangrikste koste wat 'n positiewe uitwerking op die verkoopprys kon gehad het. Verskaf in elke geval 'n strategie wat Jabu kon implementeer het.**

| KOSTE-ITEM | STRATEGIE |
|---|---|
| | |
| | |

| |
|---|
| |
| 4 |

**4.2.4**

| **Jabu wil gedurende die volgende finansiële jaar sy wins met R300 000 verhoog, terwyl die koste behou word. Bereken die prys wat hy klante moet vra om 400 ekstra eenhede te kan vervaardig.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| **4** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **35** |

**TOTAAL: 150**

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERIFIKAAT

## GRAAD 12

## REKENINGKUNDE V2

## NOVEMBER 2024

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**NASIENBEGINSELS:**

1. Tensy anders getoon in die nasienriglyne, is strafpunte vir vreemde items slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenalisering mag toegepas word nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae by daardie item(s) verdien het.
3. Tensy anders getoon, ken volpunte toe vir 'n korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat getoon is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). **LW**: As syfers in die nasienriglyne vir komponente of bewerkings aangedui word, dra hierdie syfers nie die metodepunt van die finale antwoord ook nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie getoon is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar dit aangedui word, kan deelpunte toegeken word om die verskil in die kwaliteit van kandidate se antwoorde aan te dui.
7. Indien kandidate meer as die verlangde aantal antwoorde verskaf, ondersoek alle antwoorde tot voordeel van die kandidaat. Strafpunte kan toegeken word vir vreemde items indien kandidate volpunte vir 'n vraag gekry het (maks. -2 per vraag)
8. Waar strafpunte toegeken word, kan die finale punte vir daardie afdeling van ŉ vraag nie as 'n negatiewe totaal getoon word nie.
9. Waar metodepunt(e) vir ŉ bewerking toegeken word, moet die nasiener eers die redelikheid van die antwoord ondersoek voordat die punt toegeken word.
10. 'Bewerking' beteken kontroleer bewerking. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek. LW: Kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷ wees volgens kandidaat se (geldige) antwoord, of soos in nasienriglyne aangedui.
11. By bewerkings moet geen punte vir bewerkings toegeken word waar die teller & noemer omgeruil is nie. Dit is ook van toepassing op verhoudings.
12. Met die toekenning van metodepunte, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat in geheel of gedeeltelik foutief is nie. Dui aan met 'n ☒.
13. Wees bedag daarop dat sommige kandidate geldige alternatiewe buite hierdie nasienriglyne kan gee. Let ook daarop dat een kommentaar meer as een korrekte aspek kan bevat.
14. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding; s = oorbodige item
15. Hierdie nasienriglyne is nie vir verspreiding in die publiek nie, omdat sekere items dalk verkeerde hantering kan impliseer. Aanpassings word gemaak op grond van die nuanses/konteks van sekere vrae.

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 12 bladsye.**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 1

**1.1**

| | |
|---|---|
| **1.1.1** | Waar ✓ |
| **1.1.2** | Onwaar ✓ |
| **1.1.3** | Waar ✓ |

**3**

**1.2.1** **Bereken die korrekte saldo van die Debiteurekontrolerekening op 31 Augustus 2024.**

| | |
|---|---|
| **Saldo voor foute en weglatings** | **R359 100** |
| **(i)** | + 4 500 ✓ |
| **(ii)** | 0 |
| **(iii)** | - 11 000 ✓ |
| **(iv)** | 0 |
| **(v)** | + 2 700 ✓✓<br>[5 200 – 2 500] twee punte vir beide syfers; 2 700 moet positief wees |
| **(vi)** | 0 |
| **Korrekte saldo van Debiteurekontrolerekening**<br>Moet R359 100 insluit | 355 300 ☑<br>een deel korrek |

Oorbodige inskrywings: geen metodepunt op eindtotaal

**5**

**1.2.2** **Voltooi die korrekte Debiteurelys op 31 Augustus 2024**

| | | |
|---|---|---|
| **N Naidoo** | **63 000** + 4 500 | 67 500 ✓✓ |
| **S Sibiya** | **69 000** + 18 000 | 87 000 ✓✓ |
| **V Esterhuizen** | **114 000** – 18 000✓ + 2 700☑<br>Sien 1.2.1(v) | 98 700 ☑* |
| **J Nyoka** | **95 700** – 3 450✓ – 3 450✓<br>− 6 900 twee punte | 88 800 ☑* |
| **W du Plessis** | **11 500** + 7 500✓ - 5 700✓<br>1 800 twee punte | 13 300 ☑* |
| **Korrekte totaal van Debiteurelys** | | 355 300 ☑* |

*een deel korrek

**14**

**1.3.1**

**Verskaf 'n berekening of syfers wat aandui waarom Timo Handelaars nie met die syfers in die Debiteure-ouderdomsontleding tevrede moet wees nie.**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| [240 000 – 48 000]<br>**OF** [118 000 + 36 000 + 38 000]<br>192 000 ✓✓ / 240 000 ✓ x 100/1<br>**OF** 49,2% + 15% + 15,8% | 80%☑<br>een deel korrek<br>Aanvaar '10% onder die teiken'<br>Moenie 'R' aanvaar nie |
| **OF** | **OF** |
| [29 200 + 18 800]<br>48 000 twee punte / 240 000 een punt x 100/1<br>**OF** 12,2% + 7,8% | 20%<br>een deel korrek<br>Moenie 'R' aanvaar nie |

'x 100' word nie as 'een deel korrek' gereken nie

**4**

**1.3.2**

**Verduidelik TWEE stukkies raad wat jy die eienaar sal bied.**

Enige TWEE toepaslike aspekte ✓✓ ✓✓ Deelpunte vir onvolledige/onduidelike antwoorde

- Moedig klante aan om per debietorder te betaal om laat-betalings te vermy.
- Implementeer outomatiese herinneringstelsel (SMS/epos/oproepe) wat klante herinner aan opkomende betaaldatums / onbetaalde bedrae / betalingbevestigings.
- Deeglike evaluering ('screening') / agtergrond-ondersoeke verseker dat debiteure se finansiële status nagegaan word voordat krediet toegestaan word.
- Kontroleer debiteure se kredietwaardigheid (krediettellings/kredietgeskiedenis) gereeld en pas kredietlimiete dienooreenkomstig aan.
- Bied verskeie betalingsopsies/betalingsplanne aan debiteure wat nie aan kredietterme voldoen nie.
- Blok / Vries / Skort debiteure se rekeninge op wat nie betyds betaal nie.
- Gebruik skuldinvorderingsdienste/oorhandig aan skuldinvorderaars/neem regstappe.

**NIE aanvaarbaar**:
Bied kortings aan / Belas met rente

**4**

**1.4**

**Ontleed die transaksies onder die opskrifte hieronder. Toon die effek van ELKE antwoord op die bedrag aan SAID betaalbaar.**

| NR. | BEWERKINGS | BTW-BEDRAG | EFFEK OP BTW AAN SAID BETAALBAAR (Toename/Afname) |
|---|---|---|---|
| ***Bv.*** | ***5 200 x 15/100*** | ***R780*** | ***Toename*** |
| **A.** | 17 250 x 15/115 | 2 250 ✓ | Toename / + ✓ |
| **B.** | [139 200 x 15/100] 20 880 ✓ – [9 200 x 15/100] 1 380 ✓<br>[139 200 – 9 200]<br>**OF** 130 000 twee punte x 15/100<br>**OF** 149 500 een punt – 130 000 een punt | 19 500 ☑*<br>*een deel korrek<br>As: x 15/100 | Toename / + ✓ |
| **C.** | 23 000 ✓ x [90/100 x 15/115] ✓<br>**OF** 20 000 een punt x [90/100 x 15/100] een punt<br>**OF** 20 700 een punt – 18 000 een punt | 2 700 ☑*<br>*een deel korrek | Afname / − ✓ |

Aanvaar die gebruik van +/- tekens vir effek; + (toename) / − (afname)

**10**

| TOTALE PUNTE | 40 |
|---|---|

## VRAAG 2

**Bereken:**

Bewerkings in vierkantige hakies word gereken as een deel; kan nie apart gemerk word nie.

**2.1.1** **Die geweegde gemiddelde kosprys van EEN sonbril.**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| [1 719 000 + 8 781 000]<br>10 500 000 ✓✓<br>———————<br>3 000 ✓✓<br>[620 + 2 380]<br><br>Merk noemer en teller as sulks/ alle bedrae is alleenstaande<br>Geen punte toegeken vir bewerkings bygevoeg by 10 500 000 en 3 000 | R3 500 ☑<br>een deel korrek |

**5**

**2.1.2** **Die getal sonbrille wat gesteel is.**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| [620 + 2 380]<br>3 000 ✓ – 2 050 ✓ – 840 ✓ | 110 ☑<br>een deel korrek |

**4**

**Die randwaarde van die gesteelde sonbrille deur die geweegde-gemiddelde-voorraadwaardasiemetode te gebruik.**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| R3 500 (sien 2.1.1) x 110 (sien 2.1.2 hierbo) | R385 000 ☑☑<br>twee m.punte of niks<br>As<br>(2.1.1 **x** 2.1.2) hierbo |

**2**

**2.1.3** **Die waarde van die eindvoorraad deur die eerste-in-eerste-uit(EIEU)-metode te gebruik.**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| [745 – 20]<br>*725 ✓ x 4 200 ✓ + [840 – 725] *115 ☑ x 3 750 ✓<br>3 045 000 (twee punte) 431 250 (een m.punt een punt)<br><br>* Vir m.punt: beide *syfers moet optel na 840 | R3 476 250 ☑<br>een deel korrek<br>Beide syfers moet bymekaar getel wees |

**5**

**2.1.4**

**Verduidelik hoe Nosisa Jack en Micha skuldig aan die diefstal van die voorraad kon bewys het. Verskaf EEN punt.**

Enige EEN toepaslike verduideliking ✓✓ Deelpunte vir onvolledige/onduidelike antwoorde.

- Gebruik fluitjieblaser se verklaring as getuienis en bevestig die bevindinge.
- Vergelyk die verskaffer se faktuur met bestelvorms / afleweringsnotas om verskille uit te lig
- Verifieer voorraadrekords d.m.v. fisiese voorraadtelling na aflewering
- Versoek bewys van die afleweringsroetes en vergelyk met afleweringsdatums.
- Bestudeer GKT (geslotekringtelevisie)-materiaal om ongewone prosedures tydens aflewering te identifiseer.

**2**

**Watter aksie moes teen Micha en Jack geneem word? Verskaf EEN punt vir elke persoon.**

| **Micha (verkoopsassistent)** ✓✓ | **Jack (verskaffer se bestuurder)** ✓✓ |
|---|---|
| • Hou 'n billike dissiplinêre verhoor / skors Micha hangende die uitslag van die verhoor.<br>• Oudit/ondersoek vorige transaksies met die verskaffer vir ander moontlike bedrog/wangedrag.<br>• Lê kriminele klagtes teen hom<br>• Trek geld af van salaris / vereis terug-betalings van Micha om verliese te herwin.<br>• Verlaag die verkoopsassistent in rang/ maak seker dat hy nie in dies. posisie in die besigheid aangestel word nie. | • Stel verskaffer in kennis van Jake se wangedrag en versoek dat daar teen hom opgetree word.<br>• Jack moet belet word om sake met die besigheid te doen /verhoed hom om die perseel te betree.<br>• Lê kriminele klagtes teen hom.<br>• Versoek dat hy vergoeding betaal indien bewyse sy betrokkenheid bevestig.<br>• Hersien kontrakte met die verskaffer om strafmaatreëls vir toekomstige onetiese gedrag in te sluit. |

**4**

**2.2.1** **BROEKE** Bewerkings in vierkantige hakies word gereken as een deel; kan nie apart gemerk word nie

**Bereken die winsopslagpersentasie wat vir broeke behaal is.**

| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
|---|---|
| [920 -500] $\frac{420 ✓}{500 ✓} \times \frac{100}{1}$ **OF** een punt [515 200 – 280 000] $\frac{235\ 200}{280\ 000} \times \frac{100}{1}$ een punt<br><br>Merk noemer en teller as sulks/ alle bedrae is alleenstaande.<br>Rande en eenhede kan nie gemeng word nie. | 84% ☑<br>een deel korrek<br>'x 100' word nie as 'een deel korrek' gereken nie |

**3**

**Lewer kommentaar op of die winsopslagpersentasie die besigheid sal bevoordeel of nie.**

Enige toepaslike verduideliking ✓✓ Deelpunte vir onvolledige/onduidelike antwoorde

- Klante sal nie die produk wil koop / die hoër prys wil betaal nie.
- Pryssensitiewe klante kan kies om by mededingers te koop wat dieselfde broeke teen laer pryse aanbied, wat tot laer verkope kan lei.
- Gereelde klante kan ontmoedig word om herhalende aankope te doen.
- 'n Afname in verkoopsvolumes kan kontantvloei negatief beïnvloed.
- VHP (Voorraadhoudingsperiode) van 186 dae (6,2 maande) dui op 'n lae vraag wat lei tot hoë voorraadvlakke / lae verkope kan daartoe lei dat voorraad uit die mode raak.

**2**

### 2.2.2 INFORMELE HEMDE

**Lewer kommentaar oor hoe die terugsending van 120 informele hemde die besigheid negatief kon beïnvloed. Verskaf EEN punt.**

Enige EEN toepaslike verduideliking ✓✓

- Hoë getal terugsendings kan tot verlies aan inkomste lei / Hoë % terugsendings kan tot daling in toekomstige verkope lei (minder klante)
- Lei tot laer verkoopsinkomste / afname in aanvraag / laer bruto wins.
- Kan die besigheid se reputasie (beeld) negatief beïnvloed.
- Voorbereiding van teruggestuurde hemde vir herverkoop teen die oorspronklike verkoopprys kan tot ekstra kostes lei.

**2**

### 2.2.3 FORMELE HEMDE

Bewerkings in vierkantige hakies word gereken as een deel; kan nie apart gemerk word nie

**Bereken hoe lank (in dae) dit Mike sal neem om die eindvoorraad vir formele hemde te verkoop.**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| $\frac{125}{855}$ ✓ x 120 dae ✓✓ **OF** 121 dae<br><br>**OF**<br><br>[R680 x 125]<br>$\frac{85\,000}{581\,400}$ een punt x 120 dae twee punte **OF** 121 dae<br><br>Merk noemer en teller as sulks/ alle bedrae is alleenstaande.<br>Rande en eenhede kan nie gemeng word nie. | 17,5 / 17,7dae ☑<br>een deel korrek<br>Aanvaar 18 dae |

**4**

**Lewer kommentaar op EEN ander punt oor die formele hemde wat Mike kan bekommer.**

Enige EEN toepaslike punt ✓✓

- Geen aanlynverkope vir formele hemde / formele hemde is tans nie beskikbaar vir aanlynverkope nie.
- Huidige lae winsgrens % moet dalk verhoog word vir beter wins, maar dit kan 'n verlies aan klante tot gevolg hê.
- Kan verlies aan winste ly, as verskaffers hul pryse verhoog en die besigheid steeds 'n lae winsgrens-% handhaaf.
- Kan voorraadtekorte in die toekoms ervaar, omdat eindvoorraad vinnig kan uitverkoop.

**2**

| TOTALE PUNTE |
|---|
| 35 |

## VRAAG 3

### 3.1

| | KONTANTBEGROTING | | GEPROJEKTEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE | |
|---|---|---|---|---|
| | ONTVANGSTE | BETALING | INKOMSTE | UITGAWE |
| ***Bv.*** | | ***5 000*** | | ***5 000*** |
| **3.1.1** | 132 000 ✓ | | 132 000 ✓<br>**OF** 31 000 twee punte (netto effek) | 101 000 ✓ |
| **3.1.2** | | 34 000 ✓ | | |
| **3.1.3** | 264 600 ✓ | | 19 600 ✓ | |

− 1 per lyn vir oorbodige inskrywings (maks -2); slegs as 'n punt op sodanige lyn verdien is.

**6**

### 3.2 JESARY SUPERSPARES

Bewerkings in vierkantige hakies word gereken as een deel; kan nie apart gemerk word nie

**3.2.1**

| Bereken die kredietaankope vir November 2024. | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| 172 000 twee punte<br>103 200 ✓ x 100/60 ✓ x 100/125 ✓<br><br>**OF** [103 200 x 100/125]<br>82 560 (twee punte) x 100/60 (een punt) | 137 600 ☑<br>een deel korrek |

**4**

**KREDITEUREBETALINGSKEDULE VIR DESEMBER 2024**

| MAAND | KREDIET-AANKOPE | NOVEMBER | DESEMBER |
|---|---|---|---|
| **September** | **147 200** | **36 800** | Oorbodige inskrywings; geen metodepunt op eindtotaal |
| **Oktober** | **132 800** | **96 612** | 33 200 ✓ |
| **November** | 137 600 ☑ | | 100 104 ☑☑ |
| | Sien 3.2.1 | | moet x [75% x 97%]<br>drie punte as kredietaankope-syfer nie getoon is nie. |
| | | **133 412** | 133 304 ☑* |

*een deel korrek

**5**

**Bereken:**

Bewerkings in vierkantige hakies word gereken as een deel; kan nie apart gemerk word nie

**3.2.2**

**(i) Huuruitgawe vir Desember 2024**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| 29 000 x 106/100 (1,06)<br>**OF**<br>29 000 + 1 740 (29 000 x 6%) | 30 740 ✓✓<br>twee punte of niks |

**2**

**(ii) Rente op lening vir Desember 2024**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| 3 500 ✓ – 700 ✓☑ (60 000 x [14/100 x 1/12])<br>**OF**<br>240 000 [300 000 – 60 000] een punt een m,punt x [14/100 x 1/12] een punt | 2 800 ☑<br>een deel korrek |

**4**

**(iii) Deposito wat op 30 November 2024 betaal moet word vir die nuwe rekenaars wat geïnstalleer is.**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| 352 800 ✓ [9 800 x 36] x 20/80 ✓ [100/80 x 20/100]<br>**OF**<br>441 000 [352 800 x 100/80] een punt – 352 800 [9 800 x 36] een punt<br>**OF**<br>441 000 een punt x 20/100 een punt | 88 200 ☑<br>een deel korrek |

**3**

**(iv) Versekering vir Desember 2024**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| 17 500 ✓ + 1 260 ✓ [4 500 x 28/100]<br>**OF**<br>5 760 [4 500 x 128/100] een punt + 13 000 [17 500 – 4 500] een punt | 18 760 ☑<br>een deel korrek |

**3**

**(v) Salarisse vir November 2024**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| 143 750/1 ✓ x 9/12,5 ✓<br>**OF**<br>143 750 een punt – 40 250 [8 050 x 5] een punt<br>**OF**<br>46 000 [143 750 x 4/12,5] een punt x 9/4 een punt | 103 500 ☑<br>een deel korrek |

**3**

**3.2.3** **Verduidelik die verandering wat Bluey aan die verkoopsbeleid gemaak het toe hy sy begroting vir Oktober 2024 opgestel het. Verskaf EEN punt met syfers.**

Verandering in kontantverkope OF verandering in kredietverkope ✓✓

Kontantverkope het verander (van 40%) tot 60% / (van R58 000) tot R96 000/ met R38 000 / met 65,5% / met 20%-punte.

**OF**

Kredietverkope het verander (van 60%) tot 40% / (van R87 000) tot R64 000 / met R23 000 / met 26,4% / met 20%-punte

**2**

**Die werklike kredietverkope was hoër as die begrote kredietverkope vir Oktober 2024. Verduidelik waarom Bluey nie bekommerd hoef te wees nie. Verskaf TWEE punte met syfers.**

Enige toepaslike verduideliking ✓ ✓ Syfers ✓ ✓

- Aantal klante vermeerder (van 540) tot 729 / met 189 / met 35%.
- Bruto wins verbeter (van R60 000) tot R82 875 / met R22 875 / met 38,1%.
- Totale verkope verbeter (van R160 000) tot R221 000 / met R61 000 / met 38%.

Moenie 'n vergelyking met September-syfers aanvaar nie.

**4**

**Lewer kommentaar op die beheer oor afleweringsuitgawes en verpakkings-materiaal vir Oktober 2024. Haal syfers aan.**

| | |
|---|---|
| **Aflewerings-uitgawes** | Enige toepaslike kommentaar (met syfers) ✓✓ ✓✓<br>Moet met verkope vergelyk word<br>Moenie 'n vergelyking met September-syfers aanvaar nie<br>• Goeie beheer; begroot vir 15% van verkope; 15% van verkope is werklik gebruik.(100% gebruik)<br>• Oorspandeer met R9 150 (van R24 000) tot R33 150 / met 38,1%, terwyl totale verkope slegs verhoog het met 38,1% / werklike verkope, R221 000 is meer as die begrote verkope (R160 000) |
| **Verpakkings-materiaal** | • Nie goed beheer; werklike syfer het begroting oorskry met 33,3% / Begroot vir 9% van verkope, maar 12% is spandeer.<br>• Oorspandeer met R12 120 (van R14 400) tot R26 520 / met 84,2%, terwyl totale verkope slegs verhoog het met 38,1%. |

**4**

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| **40** |

## VRAAG 4

### 4.1 BLOMPOT-VERVAARDIGERS

Bewerkings in vierkantige hakies word gereken as een deel; kan nie apart gemerk word nie

**4.1.1**

| Bereken die direkte/grondstof- materiaalkoste. | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| [4 800 x 1,4]<br>6 720 ✓✓ x 1,1 ✓ x R125<br>7 392 drie punte<br>OF ( 6 720 twee punte + 672 een punt) x R125<br>OF 4 800 een punt x 1,54 twee punte x R125 | 924 000 ☑<br>AS x 125 |

4

**4.1.2**

| Bereken die direkte arbeidskoste. | |
|---|---|
| **Direkte arbeidskoste begroot vir die jaar** | **1 117 200** |
| **Werker wat bedank het**<br>1 117 200 x 4/84<br>OF 159 600 x 4/12<br>OF 159 600 – 106 400 (1 117 200 / 7)<br>OF 560 [1 680 x 4/12] x 95 [(1 117 200 ÷ 1 680) / 7] | (53 200) ✓☑*<br>ignoreer hakies |
| **Oortyd**<br>180 ✓ (3 x 60) x 95 ☑ (152 een punt; sien hierbo) x 1,6 ✓ (een m.punt)<br>OF ( 3 x 60 x 1,6) 288 twee punte x 95 een m.punt | 27 360 ☑* |
| Kontroleer bewerking; 'werker..' (afgetrek) en 'oortyd' (opgetel)<br>Moet R1 117 200 insluit | 1 091 360 ☑* |

* een deel korrek

7

**4.1.3**

| Fabrieksbokoste-nota | |
|---|---|
| **Foutiewe fabrieksbokoste** | **1 132 700** |
| Fabriek: Indirekte arbeid | 88 320 ✓✓ |
| Fabriekshuur 118 125 ✓✓ (157 500 x 600/800) – 84 000✓✓ (126 000 x 400/600) | 34 125 ☑ |
| Moet R1 132 700 insluit | 1 255 145 ☑* |

*een deel korrek

8

## 4.2 TIMEPIECE VERVAARDIGERS

4.2.1

**Lewer kommentaar op die produksievlak en gelykbreekpunt op 31 Augustus 2024.**

Enige toepaslike punt ✓✓ syfers ✓✓

**Vir VIER punte:**

- Vervaardig en verkoop 3 640 eenhede; GBP is meer op 6 868 / Maak 'n verlies op 3 228 eenhede
- Verlies op 3 228 eenhede is beter as verlies op 5 073 eenhede in 2023.

**Vir TWEE punte (maks):**

- GBP het verminder met 1 115 eenhede / (van 7983) tot 6 868 / met 14%
- Eenhede vervaardig het vermeerder met 730 eenhede / (van 2910) tot 3 640 / met 25%.

**4**

4.2.2

**Lewer kommentaar op die bruto wins verdien deur die besigheid en die prys wat vir die horlosies gevra is. Verduidelik, volgens jou opinie, of Jabu se klante die 2024-prys as redelik beskou het. Verskaf syfers.**

Vergelyking van BW ✓ syfers ✓ Vergelyking van VP ✓ syfers ✓

- Bruto wins het verhoog (van R960 300) tot R1 237 600 / met R277 300 / met 28,9%.
- Aantal eenhede verkoop het verhoog (van 2 910) tot 3 640 / met 730 eenhede / met 25% / Totale verkope het verhoog (van R2 880 900) tot R3 712 800.
- Verkoopprys het verhoog (van R990) tot R1 020 / met R30 wat vir meeste klante aanvaarbaar is, want dit is minder as die inflasiekoers.

**Vir VIER punte:** Wees bedag op kommentaar/opmerkings wat gekombineer is

- Prys verhoog met 3%, 25% meer eenhede verkoop en BW verhoog met 28,9%.

**4**

4.2.3

**Identifiseer die TWEE belangrikste koste wat 'n positiewe uitwerking op die verkoopprys kon gehad het. Verskaf in elke geval 'n strategie wat Jabu kon implementeer het.**

| KOSTE ✓ ✓ | STRATEGIE ✓ ✓ |
|---|---|
| Direkte materiaalkoste | • Gebruik ‘n goedkoper / plaaslike verskaffer / doen grootmaataankope teen laer pryse<br>• Verminderde vermorsing, a.g.v. verbeterde toesig / beter opgeleide werkers / beter tegnologie gebruik. |
| Totale vaste koste | • Ekonomie van skaal/totale vaste koste bly onveranderd op R1 820 000 al is meer eenhede geproduseer. |
| Verkoops-en-verspreidings koste | • Bied betroubare verspreidingstelsels om klante-tevredenheid te verhoog; Kan meer vir produkte vra.<br>• Meer advertensies / gratis aflewering kan bydra tot verhoogde verkope. |

**4**

**4.2.4**

| **Jabu wil gedurende die volgende finansiële jaar sy wins met R300 000 verhoog, terwyl die koste behou word. Bereken die prys wat hy klante moet vra om 400 ekstra eenhede te kan vervaardig.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| (300 000 / 400)<br>750✓✓ + 755✓<br><br>**OF** [400 x 755]<br>300 000 een punt + 302 000 een punt<br>400 een punt | R1 505 ☑<br>een deel korrek |

| |
|---|
| **4** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| **35** |

**TOTAAL: 150**